

Donderdag 13 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 24:1-10

Fokusgedeelte: Jeremia 24:6, 7

God bewerk bekering in die harte van sy geharde volk

Tydens die Babiloniese ballingskap laat die Here vir Jeremia 'n gesig sien. In hierdie gesig sien ons die Here toon in wese twee sake aan Jeremia: herstel en oordeel. Sedekia het nog op die genade van Nebukadnesar in Jerusalem bly regeer, en 'n handjievul mense wat nie weggevoer is nie, het saam met hom daar agtergebly. Die teks self gee vir ons die verklaring van die twee mandjies met vye. Die goeie vye is die genadige herstel wat die Here stort oor die oorblyfsel van die ballinge, en die slegte vye is God se oordeel oor koning Sedekia en die afvallige mense wat in Jerusalem agter gebly het, of na Egipte toe gevlug het.

Hoekom sal God so sterk optree teen Sedekia en sy mense? Ons lees daar was geen teken van berou en bekering by hierdie groep gewees nie, hulle het staatgemaak op Babel en Egipte, en nie op die Here nie. Die goeie vye egter sien God in genade aan. Hoekom? Vanweë die genadeverbond wat Hy met hulle gesluit het. God bepaal sy genade, en in sy genade bepaal Hy op wie Hy sy oog slaan. En dan hervorm die Here die ballinge se hart. God bewerk bekering binne hierdie groep Judeërs sodat Hy hulle weer in genade kan aansien. In vers 7 sien ons die woorde van Genesis 17:7: *Ek sal vir hulle 'n God wees*. God herinner Jeremia, asook die gelowiges in ballingskap, aan sy verbond en dat sy verbond ewig is. Daarom sal Hy hulle 'n hart gee om hulle ken.

Vir die kerk van die Nuwe Testament bly hierdie verbond staande, asook die werk van die Here in ons harte. In 1 Korintiërs 1:21 en 22 bevestig Paulus aan ons dat God ons in Christus vir Hom afgesonder het, en dat Hy die Heilige Gees as versekering in ons harte uitgestort het. God lei sy gelowige kinders op die pad van berou en bekering om sodoende sy verhouding met ons te herstel. Dit is die werk van sy genadeverbond.

Sing: Psalm 146-1:1, 2, 3, 8

Ds. JG Ehlers (Jan) (Meyerton)